

Omsendbrief 01/2009

Julie 2009



Omsendbrief 01/2009

Vertaling van 'IAASB Glossary of Terms (December 2006)'

Waarskuwing aan die lesers
Geregistreerde ouditeure word gemaan oor die feit dat die woordelys nie bygewerk is in terme van die IAASB Woordelys , soos uitgereik in September 2014 nie.

**Independent Regulatory Board for Auditors
Committee for Auditing Standards
P O Box 751595, Garden View 2047
Johannesburg**

VERTALING VAN WOORDELYS

Doel van die Omsendbrief

Die doel van hierdie omsendbrief is om gerieflikheidshalwe vertalings van die ‘IAASB Glossary of Terms’, soos uitgereik deur die ‘International Auditing and Assurance Board’ (IAASB) in Desember 2006, beskikbaar te stel.

Die omsendbrief skep nie nuwe vereistes of vrystellings van die ‘International Standards on Auditing’ (ISAs) nie, maar mag van nut wees vir geregistreerde ouditeure in openbare praktyk of vir afrikaanse ouditkunde studente. Aangesien die vertalings slegs illustratief is, mag ander vertalings van die terme ook aanvaarbaar wees.

Die omsendbrief word nie as deel van die ‘auditing pronouncements’, wat in die ‘Auditing Profession Act 2005, Act 26 of 2005’, gedefinieer is, beskou nie.

Die missie van die ‘IRBA’ is om te poog om die finansiële belange van die Suid-Afrikaanse publiek en internasionale beleggers in Suid-Afrika te beskerm deur die effektiewe en gepaste regulering van audits wat deur geregistreerde ouditeurs uitgevoer word, ooreenkomstig internasionale erkende standarde en prosesse.

Ooreenkomstig die ‘IRBA’ se wetlike mandaat, is die ‘IRBA’ se doelwitte om ‘n raamwerk en beginsels te ontwikkel om tot die beskerming van lede van die publiek wat op die dienste van geregistreerde ouditeure vertrou, by te dra, en om geregistreerde ouditeure wat hul pligte bekwaamlik, onbevrees en in goeder trou uitvoer, te ondersteun. Die doel is om te help om ‘n etiese, waarde-gedrewe finansiële sektor wat belegging en vertroue aanspoor, te skep en om gesonde praktyke, deur die ontwikkeling en handhawing auditstandaarde wat internasionaal vergelykbaar is, te bevorder.

Die wetlike verantwoordelikheid van die ‘Committee for Auditing Standards (CFAS)’ is om die ‘IRBA’ te ondersteun deur:

- Oudituitsprake te ontwikkel, te handhaaf, te aanvaar, voor te skryf of uit te reik;
- Relevante veranderinge internasionaal te oorweeg deur ontwikkelings by ander auditstandaard-setting liggame te monitor en inligting te deel soos versoek; en
- Die toepaslikheid van oduituitsprake te bevorder en te verseker.

Kopieë van die Omsendbrief kan gratis van die ‘IRBA’ webwerf afgelaai word by <http://www.irba.co.za>

Kopiereg © Independent Regulatory Board for Auditors 2009

Alle regte voorbehou. Toestemming om kopieë van die werk te maak word toegestaan mits hierdie kopieë, in welke format, vir die doel van geregistreerde ouditeure wat hul professionele pligte uitvoer, is; vir gebruik in akademiese klaskamers; of vir persoonlike gebruik en mits hierdie kopieë nie verkoop word vir inkomste nie en mits elke kopie die volgende erkenning bevat: “Copyright © by the Independent Regulatory Board for Auditors. All rights reserved. Used with permission of the IRBA.” Andersins, word skriftelike toestemming van die ‘Independent Regulatory Board for Auditors’ verlang om hierdie dokument te kopieer, te berg of te versend, behalwe soos deur die wet toegelaat.

VERTALING VAN 'IAASB Glossary of Terms (December 2006)'
INHOUDSOPGAWE

Bladsy

DOEL VAN DIE OMSENDERBRIEF 2

**BYLAAG A: 'IAASB GLOSSARY (DECEMBER 2006)' TERME MET
AFRIKAANSE EKWIVALENT 4**

BYLAAG B: WOORDELYS 17

‘IAASB GLOSSARY (DECEMBER 2006)’ TERME MET AFRIKAANSE EKWIVALENT

Die volgende tabel verskaf slegs ’n vertaling van die gedefinieerde terme in die ‘IAASB *Glossary of Terms*’, wat in Desember 2006 uitgereik is.

Aangesien ’n ‘reportable irregularity’, wat in die ‘Auditing Profession Act 2005, Act 26 of 2005’, gedefinieer is, die ouditverslag kan beïnvloed, word ‘reportable irregularity’ as ‘*rapporteerbare onreëlmatigheid*’ vertaal. Die gids, ‘*Reportable Irregularities: A Guide for Registered Auditors*’ verskaf leiding aan ouditeure oor die uitwerking van ‘*rapporteerbare onreëlmatighede*’ op die oudit, insluitende die effek op die ouditverslag.

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
Access controls		Toegangsbeheermaatreëls	
Accounting estimate		Rekeningkundige raming	
Accounting records		Rekeningkundige rekords	
Adverse opinion (<i>see modified auditor's report</i>)		Ongunstige mening (<i>verwys na Gewysigde ouditverslag</i>)	
Agreed-upon procedures engagement		Ooreengekome-prosedures-aanstelling	
Analytical procedures		Analitiese prosedures	
Annual report		Jaarverslag	
Anomalous error (<i>see audit sampling</i>)		Onreëlmatige fout (<i>verwys na Ouditsteekproefneming</i>)	
Applicable financial reporting framework		Toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk	
Application controls in information technology		Toepassingsbeheermaatreëls in inligtingstegnologie	
Appropriateness		Toepaslikheid	
Assertions		Stellings	

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
Assess		Beoordeel	
Assistants		Assistente	
Association		Assosiasie (<i>verwys na Assosiasie van ouditeur met finansiële inligting</i>)	
Assurance		Gerusstelling	
Assurance engagement		Gerusstellingsaanstelling	
	Limited assurance engagement		Beperkte gerusstellingsaanstelling
	Reasonable assurance engagement		Redelike gerusstellingsaanstelling
Assurance engagement risk		Gerusstellingsaanstellingsrisiko	
Attendance		Bywoning	
Audit documentation		Ouditdokumentasie	
Audit evidence		Ouditbewyse	
Audit firm (<i>see firm</i>)		Ouditeursfirma (<i>verwys na Firma</i>)	
Audit matters of governance interest		Ouditaangeleenthede wat verbandhou met beheer	
Audit of financial statements		Oudit van finansiële state	
Audit opinion (<i>see opinion</i>)		Ouditmening (<i>verwys na Mening</i>)	
Audit risk		Ouditrisiko	
	Control risk		Kontrollerisiko
	Detection risk (<i>see audit risk</i>)		Ontdekkingsrisiko (<i>verwys na Ouditrisiko</i>)
	Inherent risk		Inherente risiko

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
Audit sampling		Ouditsteekproefneming	
	Anomalous error		Onreëlmatige fout
	Confidence levels		Vertrouensvlakke
	Expected error		Verwagte fout
	Non-sampling risk		Nie-steekproefrisiko
	Non-statistical sampling		Nie-statistiese steekproefneming
	Population		Populasie
	Sampling risk		Steekproefrisiko
	Sampling unit		Steekproefeenheid
	Statistical sampling		Statistiese steekproefneming
	Stratification		Stratifikasie
	Tolerable error		Aanvaarbare fout
	Total error		Totale fout
Auditor		Ouditeur	
	Existing auditor		Bestaande ouditeur
	External auditor		Eksterne ouditeur
	Incoming auditor		Inkomende ouditeur
	Internal auditor		Interne ouditeur
	Other auditor		Ander ouditeur
	Predecessor auditor		Vorige ouditeur
	Principal auditor		Hoofouditeur
	Proposed auditor		Voorgestelde ouditeur

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
	Successor auditor		Opvolg ouditeur
Auditor association with financial information		Assosiasie van ouditeur met finansiële inligting	
Comparative financial statements (see comparatives)		Vergelykende finansiële state (verwys na Vergelykende syfers)	
Comparatives		Vergelykende syfers	
Compilation engagement		Kompilasië-aanstelling	
Component		Komponent	
Component of a complete set of financial statements		Komponent van 'n volledige stel finansiële state	
Comprehensive basis of accounting		Omvattende rekeningkundige grondslag	
Computer information systems (CIS) environment		Rekenaarinligtingstelsel- (RIS-) omgewing	
Computer-assisted audit techniques (CAATs)		Rekenaargesteuende oudittegnieke (RGOT)	
Confidence levels (see audit sampling)		Vertrouensvlakke (verwys na Ouditsteekproefneming)	
Confirmation		Bevestiging	
Control activities		Beheer-aktiwiteite	
Control environment		Beheeromgewing	
Control risk (see audit risk)		Kontrollerisiko (verwys na Ouditrisiko)	
Corporate governance (see governance)		Korporatiewe beheer	

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
Corresponding figures (<i>see comparatives</i>)		Ooreenstemmende syfers (<i>verwys na Vergelykende syfers</i>)	
Criteria		Maatstawwe	
	Suitable criteria		Gepaste maatstawwe
Current period figures		Huidige-tydperksyfers	
Database		Databasis	
Date of the financial statements		Datum van die finansiële state	
Date of approval of the financial statements		Datum van goedkeuring van die finansiële state	
Date of the auditor's report		Datum van die ouditeursverslag	
Date the financial statements are issued		Datum waarop die finansiële state uitgereik is	
Detection risk (<i>see audit risk</i>)		Ontdekkingsrisiko (<i>verwys na Ouditrisiko</i>)	
Disclaimer of opinion (<i>see modified auditor's report</i>)		Weerhouding van mening (<i>verwys na Gewysigde ouditverslag</i>)	
Electronic Data Interchange (EDI)		Elektroniese Dataruiling (EDR)	
Emphasis of matter paragraph(s) (<i>see modified auditor's report</i>)		Beklemtoning van aangeleentheid paragraaf(we) (<i>verwys na Gewysigde ouditverslag</i>)	
Employee fraud		Werknemerbedrog	
Encryption (cryptography)		Enkripsie	
Engagement documentation		Dokumentasie vir die aanstelling	
Engagement letter		Aanstellingsbrief	
Engagement partner		Aanstellingsvennoot	

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
Engagement quality control review		Gehaltebeheeroorsig oor die aanstelling	
Engagement quality control reviewer		Gehaltebeheerbeoordelaar vir die aanstelling	
Engagement team		Aanstellingspan	
Entity's risk assessment process		Entiteit se risikobeoordelingsproses	
Environmental matters		Omgewingsaangeleenthede	
Environmental performance report		Omgewingsprestasieverslag	
Environmental risk		Omgewingsrisiko	
Error		Fout	
Evaluate		Evalueer	
Existing auditor (<i>see auditor</i>)		Bestaande ouditeur (<i>verwys na Ouditeur</i>)	
Expected error (<i>see audit sampling</i>)		Verwagte fout (<i>verwys na Ouditsteekproefneming</i>)	
Experienced auditor		Ervare ouditeur	
Expert		Deskundige	
External audit		Eksterne audit	
External auditor (<i>see auditor</i>)		Eksterne ouditeur (<i>verwys na Ouditeur</i>)	
External confirmation		Eksterne bevestiging	
Fair value		Billike waarde	
Financial statements		Finansiële state	
Firewall		Keermuur	
Firm		Firma	

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
Forecast		Voorspelling	
Fraud		Bedrog	
Fraudulent financial reporting		Bedrieglike finansiële verslagdoening	
General IT-controls		Algemene IT-beheermaatreëls	
General purpose financial statements		Algemene-doel finansiële state	
Governance		Beheer	
Government business enterprises		Owerheidsakeondernemings	
Incoming auditor (<i>see auditor</i>)		Inkomende ouditeur (<i>verwys na Ouditeur</i>)	
Independence		Onafhanklikheid	
Information system relevant to financial reporting		Inligtingstelsel toepaslik vir finansiële verslagdoening	
Inherent risk (<i>see audit risk</i>)		Inherente risiko (<i>verwys na Ouditrisiko</i>)	
Initial audit engagement		Aanvanklike ouditaanstelling	
Inquiry		Navraag	
Inspection (<i>as an audit procedure</i>)		Inspeksie (<i>as 'n ouditprosedure</i>)	
Inspection (<i>in relation to completed engagements</i>)		Inspeksie (<i>in verband met voltooide aanstellings</i>)	
Intended users		Beoogde gebruikers	
Interim financial information or statements		Tussentydse finansiële inligting of -state	
Internal auditing		Interne audit	

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
Internal auditor (<i>see auditor</i>)		Interne ouditeur (<i>verwys na Ouditeur</i>)	
Internal control		Interne beheer	
Investigate		Ondersoek	
IT environment		IT-omgewing	
Limitation on scope		Beperking op omvang	
Limited assurance engagement (<i>see assurance engagement</i>)		Beperkte gerusstellingsaanstelling (<i>verwys na Gerusstellingsaanstelling</i>)	
Listed entity		Genoteerde entiteit	
Local Area Network (LAN)		Lokale-area netwerk (LAN)	
Management		Bestuur	
Management fraud		Bestuursbedrog	
Management representations		Bestuursverklarings	
Material inconsistency		Wesenlike teenstrydigheid	
Material misstatement of fact		Wesenlike feitewanvoorstelling	
Material weakness		Wesenlike swakheid	
Materiality		Wesenlikheid	
Misappropriation of assets		Wanaanwending van bates	
Misstatement		Wanvoorstelling	
Modified auditor's report		Gewysigde ouditeursverslag	
	Matters that do not affect the auditor's opinion		Aangeleenthede wat nie die ouditeur se mening beïnvloed nie
	Emphasis of matter paragraphs		Beklemtoning van aangeleentheid paragraaf(we)

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
	Matters that do affect the auditor's opinion		Aangeleenthede wat wel die ouditeur se mening beïnvloed
	Adverse opinion		Ongunstige mening
	Disclaimer of opinion		Weerhouding van mening
	Qualified opinion		Gekwalifiseerde mening
Monitoring (<i>in relation to quality control</i>)		Monitering (<i>in verband met gehaltebeheer</i>)	
Monitoring of controls		Monitering van beheermaatreëls	
National practices (auditing)		Nasionale praktyke (audit)	
National standards (auditing)		Nasionale standaard (audit)	
Network firm		Netwerkfirma	
Noncompliance		Nie-nakoming	
Non-sampling risk (<i>see audit sampling</i>)		Nie-steekproefrisiko (<i>verwys na Ouditsteekproefneming</i>)	
Non-statistical sampling (<i>see audit sampling</i>)		Nie-statistiese steekproefneming (<i>verwys na Ouditsteekproefneming</i>)	
Observation		Waarneming	
Opening balances		Beginsaldo's	
Opinion		Mening	
Other auditor (<i>see auditor</i>)		Ander ouditeur (<i>verwys na Ouditeur</i>)	
Other information		Ander inligting	
Overall audit strategy		Oorkoepelende auditstrategie	
Partner		Vennoot	
PCs or personal computers		Persoonlike rekenaars	

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
Personnel		Personeel	
Planning		Beplanning	
Population (<i>see audit sampling</i>)		Populasie (<i>verwys na Ouditsteekproefneming</i>)	
Post balance sheet events (<i>see subsequent events</i>)		Na-balansstaatgebeure (<i>verwys na Gebeure na balansstaatdatum</i>)	
Practitioner		Praktisyn	
Predecessor auditor (<i>see auditor</i>)		Vorige ouditeur (<i>verwys na Ouditeur</i>)	
Principal auditor (<i>see auditor</i>)		Hoofouditeur (<i>verwys na Ouditeur</i>)	
Professional accountant		Professionele rekenmeester	
Professional accountant in public practice		Professionele rekenmeester in openbare praktyk	
Professional skepticism		Professionele skeptisisme	
Professional standards		Professionele standaarde	
Programming controls		Programmeringsbeheermaatreëls	
Projection		Projeksie	
Proposed auditor (<i>see auditor</i>)		Voorgestelde ouditeur (<i>verwys na Ouditeur</i>)	
Prospective financial information		Vooruitskouende finansiële inligting	
Public sector		Openbare sektor	
Qualified opinion (<i>see modified opinion</i>)		Gekwalifiseerde mening (<i>verwys na Gewysigde auditverslag</i>)	
Quality controls		Gehaltebeheermaatreëls	

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
Reasonable assurance (<i>in the context of quality control</i>)		Redelike gerusstelling (<i>teen die agtergrond van gehaltebeheer</i>)	
Reasonable assurance (<i>in the context of an audit engagement</i>)		Redelike gerusstelling (<i>teen die agtergrond van 'n ouditaanstelling</i>)	
Reasonable assurance engagement (<i>see assurance engagement</i>)		Redelike gerusstellingsaanstelling (<i>verwys na Gerusstellingsaanstelling</i>)	
Recalculation		Herberekening	
Related party		Verwante party	
Related party transaction		Verwanteparty-transaksie	
Related services		Verwante dienste	
Reperformance		Heruitvoering	
Responsible party		Verantwoordelike party	
Review (<i>in relation to quality control</i>)		Oorsig (<i>met betrekking tot gehaltebeheer</i>)	
Review engagement		Oorsigaanstelling	
Review procedures		Oorsigprosedures	
Risk assessment procedures		Risikobeoordelingsprosedures	
Risk of material misstatement (<i>see audit risk</i>)		Risiko van wesentliche wanvoorstelling (<i>verwys na Ouditrisiko</i>)	
Sampling risk (<i>see audit sampling</i>)		Steekproefrisiko (<i>verwys na Ouditsteekproefneming</i>)	
Sampling unit (<i>see audit sampling</i>)		Steekproefeenheid (<i>verwys na Ouditsteekproefneming</i>)	
Scope limitation		Omvangsbepanking	

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
Scope of a review		Omvang van 'n oorsig	
Scope of an audit		Omvang van 'n audit	
Segment information		Segmentinligting	
Significance		Beduidendheid	
Significant risk		Beduidende risiko	
Small entity		Klein entiteit	
Special purpose auditor's report		Spesiale-doel ouditeursverslag	
Staff		Werknemers	
Statistical sampling (<i>see audit sampling</i>)		Statistiese steekproefneming (<i>verwys na Ouditsteekproefneming</i>)	
Stratification (<i>see audit sampling</i>)		Stratifikasie (<i>verwys na Ouditsteekproefneming</i>)	
Subject matter information		Onderwerp-inligting	
Subsequent events		Gebeure na balansstaatdatum	
Substantive procedures		Stawingsprosedures	
Successor auditor (<i>see auditor</i>)		Opvolg ouditeur (<i>verwys na Ouditeur</i>)	
Sufficiency		Toereikendheid	
Suitable criteria (<i>see criteria</i>)		Gepaste maatstawwe (<i>verwys na Maatstawwe</i>)	
Suitably qualified external person (<i>for the purpose of ISQC 1</i>)		Paslik gekwalifiseerde eksterne persoon (<i>vir doeleindes van "ISQC 1"</i>)	
Summarised financial statements		Opgesomde finansiële state	
Supplementary information		Aanvullende inligting	

English Terms		Ekwivalente Afrikaanse Terme	
Main Term	Secondary Term	Hoofterm	Sekondêre Term
Supreme audit institution		Hoogste ouditinstansie	
Test		Toets	
Tests of control		Beheermaatreëltoetse	
Those charged with governance (<i>governance</i>)		Diegene wat met beheer belas is (<i>verwys na Beheer</i>)	
Tolerable error (<i>see audit sampling</i>)		Aanvaarbare fout (<i>verwys na Ouditsteekproefneming</i>)	
Total error (<i>see audit sampling</i>)		Totale fout (<i>verwys na Ouditsteekproefneming</i>)	
Transaction logs		Transaksielyste	
Uncertainty		Onsekerheid	
Understanding of the entity and its environment		Begrip van die entiteit en sy omgewing	
Unqualified opinion (<i>see opinion</i>)		Ongekwalfiseerde mening (<i>verwys na Mening</i>)	
Walk-through test		Deurlooptoets	
Wide Area Network (WAN)		Wye-areanetwerk (WAN)	
Working papers		Werkspapiere	

WOORDELYS¹

(Desember 2006)

Aanstellingsbrief (“*engagement letter*”)—’n Aanstellingsbrief dokumenteer en bevestig die ouditeur se aanvaarding van die aanstelling, die doel en omvang van die audit, die bestek van die ouditeur se verantwoordelikhede teenoor die kliënt en die formaat van enige verslae.

Aanstellingspan (“*engagement team*”)—Alle personeel wat ’n aanstelling uitvoer, insluitend enige deskundiges wat deur die firma gekontrakteer is in verband met daardie aanstelling.

Aanstellingsvennoot (“*engagement partner*”)—Die vennoot of ander persoon in die firma wat verantwoordelik is vir die aanstelling en uitvoering daarvan, en vir die verslag wat namens die firma uitgereik word en wat, waar nodig, die toepaslike magtiging vanaf ’n professionele, regs- of regulerende liggaam het.

Aanvaarbare fout (“*tolerable error*”)—(verwys na Ouditsteekproefneming)

Aanvanklike ouditaanstelling (“*initial audit engagement*”)—’n Ouditaanstelling waarin die finansiële state vir die eerste keer geaudit word, of waarin die finansiële state vir die vorige tydperk deur ’n ander ouditeur geaudit is.

Aanvullende inligting (“*supplementary information*”)—Inligting wat saam met die finansiële state aangebied word wat nie deur die toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk wat gebruik is om die finansiële state mee op te stel vereis word nie en gewoonlik in aanvullende skedules of in addisionele notas aangebied word.

Algemene-doel finansiële state (“*general purpose financial statements*”)—Finansiële state opgestel volgens ’n finansiële verslagdoeningsraamwerk wat ontwerp is om die algemene inligtingsbehoefte van ’n wye reeks gebruikers te dek.

Algemene IT-beheermaatreëls (“*general IT-controls*”)—Beleid en prosedures wat verband hou met ’n verskeidenheid toepassings en wat die doeltreffende werking van toepassingsbeheermaatreëls steun deur die voortgesette behoorlike werking van inligtingstelsels te help verseker. Algemene IT-beheermaatreëls sluit gewoonlik in beheermaatreëls oor datasentrum- en netwerkbedryghede; verkryging, verandering en instandhouding van stelselprogrammatuur; toegangsekuriteit; en verkryging, ontwikkeling en instandhouding van toepassingstelsels.

¹ In die geval van aanstellings in die openbare sektor, moet die terme in hierdie woordelys as verwysend na hul openbare sektor ekwivalente gelees word. Waar rekeningkundige begrippe nie in die uitsprake van die IAASB omskryf is nie, moet na die ‘*Glossary of Terms*’ wat deur die International Accounting Standards Board gepubliseer word, verwys word.

Analitiese prosedures (“analytical procedures”)—Evaluering van finansiële inligting deur aanneemlike verhoudings in sowel finansiële asook nie-finansiële data te bestudeer. Analitiese prosedures omvat ook die ondersoek van geïdentifiseerde skommelings en verhoudings wat nie met ander toepaslike inligting strook nie, of wat beduidend van bedrae wat voorspel is, afwyk.

Ander ouditeur (“other auditor”)—(verwys na Ouditeur)

Ander inligting (“other information”)—Finansiële of nie-finansiële inligting (buiten die finansiële state of die ouditeursverslag daaroor) wat óf volgens wet óf gebruik by die jaarverslag ingesluit word.

Assistente (“assistants”)—Personeel, buiten die ouditeur, wat by ’n individuele audit betrokke is.

Assosiasie (“association”)—(verwys na Assosiasie van ouditeur met finansiële inligting)

Assosiasie van ouditeur met finansiële inligting (“auditor association with financial information”)—’n Ouditeur word geassosieer met finansiële inligting wanneer die ouditeur ’n verslag aanheg by daardie inligting of toestem tot die gebruik van die ouditeur se naam in ’n professionele verband.

Bedrieglike finansiële verslagdoening (“fraudulent financial reporting”)—Behels opsetlike wanvoorstellings, insluitend weglatings van bedrae of openbaarmakings in finansiële state, met die doel om gebruikers van finansiële state te bedrieg.

Bedrog (“fraud”)—’n Opsetlike daad deur een of meer individue in bestuur, diegene wat met beheer belas is, werknemers of derde partye wat misleiding gebruik om onbillike of onwettige voordeel te bekom. Twee soorte opsetlike wanvoorstelling is relevant vir die ouditeur: wanvoorstellings wat uit bedrieglike finansiële verslagdoening spruit en wanvoorstellings wat uit wanaanwending van bates spruit (verwys ook na *Bedrieglike finansiële verslagdoening en Wanaanwending van bates*).

Beduidende risiko (“significant risk”)—’n Risiko wat spesiale ouditoorweging vereis.

Beduidendheid (“significance”)—Die relatiewe belangrikheid van ’n aangeleentheid, binne konteks beskou. Die beduidendheid van ’n aangeleentheid word deur die praktisyn beoordeel in die konteks waarin dit oorweeg word. Dit sluit byvoorbeeld die redelike vooruitsig dat die besluite van beoogde gebruikers van die praktisyn se verslag daardeur verander of beïnvloed mag word in; of as nog ’n voorbeeld waar die konteks ’n oordeel behels om te rapporteer oor ’n aangeleentheid aan diegene wat met beheer belas is, of die aangeleentheid as belangrik in die lig van hul pligte beskou sou word. Beduidendheid kan beskou word in die konteks van kwantitatiewe en kwalitatiewe faktore, soos relatiewe grootte, die aard en uitwerking op die onderwerp en die uitgedrukte belange van beoogde gebruikers of ontvangers.

Beginsaldo's ("opening balances")—Daardie rekeningsaldo's wat aan die begin van die tydperk bestaan. Beginsaldo's is op die eindsaldo's van die vorige tydperk gegrond en weerspieël die uitwerking van transaksies in vorige tydperke en die rekeningkundige beleid wat in die vorige tydperk toegepas is.

Begrip van die entiteit en sy omgewing ("understanding of the entity and its environment")—Die ouditeur se begrip van die entiteit en sy omgewing bestaan uit die volgende aspekte:

- (a) Nywerheid, regulerende en ander eksterne faktore, insluitend die toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk.
- (b) Aard van die entiteit, insluitend die entiteit se keuse en toepassing van rekeningkundige beleid.
- (c) Doelwitte en strategieë en die verwante besigheidsrisiko's wat tot 'n wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state kan lei.
- (d) Meting en oorsig van die entiteit se finansiële prestasie.
- (e) Interne beheer.

Beheer ("governance")—Beskryf die rol van persone aan wie toesig, beheer en leiding van 'n entiteit toevertrou is. Diegene wat met beheer belas is, is gewoonlik daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die entiteit sy doelwitte bereik, vir finansiële verslagdoening en verslagdoening aan belanghebbende partye. Diegene wat met beheer belas is sluit bestuur slegs in wanneer bestuur sodanige funksies uitvoer.

Beheer-aktiwiteite ("control activities")—Daardie beleid en prosedures wat help om te verseker dat bestuursriglyne uitgevoer word. Beheeraktiwiteite is 'n komponent van interne beheer.

Beheermaatreeftoetse ("tests of control")—Toetse wat uitgevoer word om ouditbewyse te verkry oor die bedryfsdoeltreffendheid van beheermaatreëls ter voorkoming, of opsporing en regstelling, van wesenlike wanvoorstellings op die stellingsvlak.

Beheeromgewing ("control environment")—Sluit in die beheer- en bestuursfunksies en die houdings, bewustheid en handeling van diegene wat met beheer belas is en van bestuur in verband met die interne beheerstel en die belangrikheid daarvan vir die entiteit. Die beheeromgewing is 'n komponent van interne beheer.

Beklemtoning van aangeleentheid paragraaf(we) ("emphasis of matter paragraph(s)")—(verwys na Gemodifiseerde ouditeursverslag)

Beoogde gebruikers (“intended users”)—Die persoon, persone of klas persone vir wie die praktisyn die gerusstellingsverslag voorberei. Die verantwoordelike party kan een van die beoogde gebruikers wees, maar nie die enigste een nie.

Beoordeel (“assess”)—Ontleed geïdentifiseerde risiko’s van, om ’n gevolgtrekking oor die beduidendheid daarvan te maak. Volgens konvensie word “beoordeel” slegs in verband met risiko gebruik. (Verwys ook na Evalueer.)

Beperking op omvang (“limitation on scope”)—’n Beperking op die omvang van die ouditeur se werk kan soms deur die entiteit opgelê word (byvoorbeeld wanneer die bepaling van die aanstelling spesifiseer dat die ouditeur nie ’n auditprosedure wat die ouditeur nodig ag, sal uitvoer nie). ’n Omvangsbeperking kan deur omstandighede opgelê word (byvoorbeeld wanneer die tydsberekening van die ouditeur se aanstelling sodanig is dat die ouditeur nie die fisiese voorraadopname kan waarneem nie). Dit kan ook gebeur indien, na die ouditeur se mening, die entiteit se rekeningkundige rekords ontoereikend is, of indien die ouditeur ’n auditprosedure wat wenslik geag word, nie kan uitvoer nie.

Bepaalde gerusstellingsaanstelling (“limited assurance engagement”)—(verwys na Gerusstellingsaanstelling)

Beplanning (“planning”)—Behels die daarstelling van die oorkoepelende auditstrategie vir die aanstelling en ontwikkeling van ’n auditplan, ten einde auditrisiko tot ’n aanvaarbare lae vlak te verminder.

Bestaande ouditeur (“existing auditor”)—(verwys na Ouditeur)

Bestuur (“management”)—Bestaan uit amptenare en ander wat ook senior bestuursfunksies verrig. Bestuur sluit diene in wat met beheer belas is slegs in gevalle waar hulle sodanige funksies verrig.

Bestuursbedrog (“management fraud”)—Bedrog waarby een of meer bestuurslede of diene wat met beheer belas is, betrokke is.

Bestuursverklarings (“management representations”)—Verklarings gemaak deur bestuur aan die ouditeur gedurende die loop van ’n audit, hetsy ongevraag of in reaksie op spesifieke navrae.

Betroubaarheidsvlakke (“confidence levels”)—(verwys na Ouditsteekproefneming)

Bevestiging (“confirmation”)—’n Spesifieke soort navraag wat bestaan uit die proses waarin ’n verklaring oor inligting of oor ’n bestaande toestand direk by ’n derde party verkry word.

Billike waarde (“fair value”)—Die bedrag waarvoor ’n bate geruil, of ’n verpligting vereffen, sou kon word tussen ingeligte, gewillige partye in ’n armlengtetransaksie.

Bywoning (“attendance”)—Om gedurende die hele of 'n deel van 'n proses wat deur ander uitgevoer word, teenwoordig te wees; bywoning van fisiese voorraadopnames sal byvoorbeeld die ouditeur in staat stel om voorraad te inspekteer, om nakoming van bestuursprosedures om hoeveelhede te tel en tellings op te teken, waar te neem en om hoeveelhede op 'n toetsbasis te tel.

Databasis (“database”)—'n Versameling data wat deur 'n aantal verskillende gebruikers vir verskillende doeleindes gedeel en gebruik word.

Datum van die finansiële state (“date of the financial statements”)—Die datum van die einde van die laaste periode gedek deur die finansiële state, wat normaalweg die datum van die mees onlangse balansstaat in die finansiële state onderworpe aan audit is.

Datum van die ouditeursverslag (“date of the auditor’s report”)—Die datum deur die ouditeur gekies om die verslag oor die finansiële state te dateer. Die datum van die ouditeursverslag is nie vroeër as die datum waarop die ouditeur vasstel dat toepaslike en toereikende auditbewyse verkry is om die mening oor die finansiële state te staaf nie². Toepaslike en toereikende auditbewyse sluit in bewyse dat die entiteit se finansiële state volledig opgestel is en dat diegene met die erkende gesag verklaar het dat hulle verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.

Datum van goedkeuring van die finansiële state (“date of approval of the financial statements”)—Die datum waarop diegene met die erkende gesag verklaar dat hulle die entiteit se volledige stel finansiële state, ingesluit die verwante notas, opgestel het en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar het. In sommige jurisdiksies bepaal wette of regulasies die individue of liggame (byvoorbeeld, die direkteure) wie verantwoordelik is om 'n gevolgtrekking te maak dat 'n volledige stel finansiële state opgestel is en spesifiseer die nodige goedkeuringsproses. In ander jurisdiksies word die goedkeuringsproses nie in wette of regulasies voorgeskryf nie en die entiteit volg dan sy eie prosedures ter voorbereiding en finaliseering van sy finansiële state met in agneming van sy bestuur- en beheerstrukture. Sommige jurisdiksies vereis dat die aandeelhouders die finansiële state finaal moet goedkeur voordat dit openbaar gemaak word. In hierdie jurisdiksies is finale goedkeuring deur die aandeelhouders nie noodwendig 'n voorvereiste vir die ouditeur om 'n gevolgtrekking te maak dat toereikende en toepaslike auditbewyse verkry is nie. Die datum van goedkeuring van die finansiële state vir doeleindes van die ISA's is die vroegste datum waarop diegene met die erkende gesag bevestig dat 'n volledige stel finansiële state opgestel is.

Datum waarop die finansiële state uitgereik is (“date the financial statements are issued”)—Die datum waarop die ouditeursverslag en geauditeerde finansiële state aan derde partye

² In uitsonderlike gevalle, identifiseer wette of regulasies ook die punt in die finansiële staat verslagdoeningsproses waarteen dit verwag word dat die audit voltooi sal wees.

beskikbaar gestel word, wat moontlik in baie omstandighede die datum is waarop dit by 'n regulerende owerheid ingedien word.

Deskundige (“expert”) – 'n Persoon of firma wat spesiale vaardigheid, kennis en ervaring op 'n spesifieke gebied buiten rekeningkunde en ouditkunde het.

Deurlooptoets (“walk-through test”)—Behels die nasporing van 'n paar transaksies deur die finansiële verslagdoeningstelsel.

Diegene wat met beheer belas is (“those charged with governance”)—(verwys na Beheer)

Dokumentasie vir die aanstelling (“engagement documentation”)—Die rekord van werk uitgevoer, resultate verkry, en gevolgtrekkings deur die praktisyn gemaak ('n term soos “werkspapiere” word somtyds gebruik). Die dokumentasie vir 'n spesifieke aanstelling word in 'n aanstellingslêer bymekaargesit.

Eksterne bevestiging (“external confirmation”)—Die proses om ouditbewyse te verkry en te evalueer by wyse van 'n direkte kommunikasie deur 'n derde party in antwoord op 'n versoek om inligting omtrent 'n besondere item wat betrekking het op stellings wat bestuur in die finansiële state gemaak het.

Eksterne oudit (“external audit”)—'n Oudit uitgevoer deur 'n eksterne ouditeur.

Eksterne ouditeur (“external auditor”)—(verwys na Ouditeur)

Elektroniese Dataruil (EDR) (“Electronic Data Interchange (EDI)”)—Die elektroniese oordrag van dokumente tussen organisasies in 'n masjienleesbare vorm.

Enkripsie (“encryption”) (kriptografie) (cryptography)—Die proses om programme en inligting te omskep in 'n vorm wat nie sonder toegang tot spesifieke dekodeeringsalgoritmes (kriptografiese sleutels) verstaan kan word nie. Die vertroulike persoonlike data in 'n salarissstelsel kan byvoorbeeld teen ongemagtigde openbaarmaking of wysiging geënkripteer word. Enkripsie kan 'n doeltreffende beheermaatreël vir die beskerming van vertroulike of sensitiewe programme en inligting teen ongemagtigde toegang of wysiging bied. Doeltreffende sekuriteit hang egter af van behoorlike beheermaatreëls oor toegang tot die kriptografiese sleutels.

Entiteit se risikobeoordelingsproses (“entity’s risk assessment process”)—'n Komponent van interne beheer, wat die entiteit se proses vir die identifikasie van besigheidsrisiko's is wat vir die finansiële verslagdoeningsdoelstellings geld en die besluitneming oor optredes om daardie risiko's aan te spreek, asook die resultate daarvan.

Ervare ouditeur (“experienced auditor”)—'n Persoon (hetsy intern of ekstern tot die firma) wat 'n redelike begrip het van (a) ouditprosesse, (b) ISAs en toepaslike regs- en regulatoriese

vereistes, (c) die sake omgewing waarin die entiteit bedryf word, en (d) ouditkunde- en finansiële verslagdoeningsvraagpunte van toepassing op die entiteit se industrie.

Evalueer (“evaluate”)—Identifiseer en ontleed die toepaslike aangeleenthede, insluitend uitvoering van verdere prosedures soos nodig, om tot ’n spesifieke gevolgtrekking oor ’n aangeleentheid te kom. Volgens konvensie word “evaluering” slegs in verband met ’n reeks aangeleenthede gebruik, insluitend bewyse, die resultate van prosedures en die doeltreffendheid van bestuur se reaksie op ’n risiko (verwys ook na Beoordeel).

Finansiële state (“financial statements”)—’n Gestruktureerde voorstelling van die finansiële inligting, wat gewoonlik gepaardgaande notas insluit, wat afgelei is van rekeningkundige rekords en bedoel is om ’n entiteit se ekonomiese hulpbronne of verpligtinge op ’n spesifieke tydstip of die veranderinge daarin vir ’n periode van tyd ooreenkomstig ’n finansiële verslagdoeningsraamwerk te kommunikeer. Die term kan verwys na ’n volledige stel finansiële state, maar kan ook verwys na ’n enkele finansiële staat, soos byvoorbeeld, ’n balansstaat, of ’n staat van inkomstes en uitgawes, en verwante verduidelikende notas.

Firma (“firm”)—’n Alleenpraktisyn, vennootskap of korporasie of ander entiteit van professionele rekenmeesters.

Fout (“error”)—’n Onopsetlike wanvoorstelling in finansiële state, insluitend die weglating van ’n bedrag of ’n openbaarmaking.

Gebeure na balansstaatdatum (“subsequent events”)—‘International Accounting Standard (IAS) 10, *Events After the Balance Sheet Date*’ dek die hantering in finansiële state van gebeure, beide gunstig en ongunstig, wat plaasvind tussen die datum van die finansiële state (wat verwys word as die ’balance sheet date’ in die IAS) en die datum wanneer die finansiële state goedgekeur word vir uitreiking en identifiseer twee soorte gebeure:

- (a) Die wat bewyse lewer van toestande wat op die datum van die finansiële state bestaan het; en
- (b) Die wat dui op toestande wat na die datum van die finansiële state ontstaan het.

Gehaltebeheeroorsigbeoordelaar vir die aanstelling (“engagement quality control reviewer”)—’n Vennoot, ander persoon in die firma, toepaslik gekwalifiseerde eksterne persoon, of ’n span saamgestel uit sodanige individue, met toereikende en toepaslike ondervinding en gesag om, voordat die verslag uitgereik word, die beduidende oordeelsbeslissings wat die aanstellingspan gemaak het en die gevolgtrekkings wat hulle in die formulering van die verslag bereik het, objektief te evalueer.

Gehaltebeheermaatreëls (“quality controls”)—Die beleid en prosedures wat deur ’n firma aanvaar word en ontwerp is om redelike versekering te verskaf dat die firma en sy personeel

voldoen aan professionele standaarde en regulerende en regsvereistes, en dat verslae uitgereik deur die firma of aanstellingsvennote toepaslik vir die omstandighede is.

Gehaltebeheeroorsig oor die aanstelling (“engagement quality control review”)—’n Proses ontwerp om ’n objektiewe evaluering te verskaf, voordat die verslag uitgereik word, van die beduidende oordeelsbeslissings wat die aanstellingspan gemaak het en die gevolgtrekkings wat hulle in die formulering van die verslag bereik het.

Gekwalifiseerde mening (“qualified opinion”)—(verwys na Gemodifiseerde ouditeursverslag)

Gewysigde ouditeursverslag (“modified auditor’s report”)—’n Ouditeursverslag word as gemodifiseer beskou indien (’n) beklemtoning van aangeleentheid paragraaf(we) by die verslag gevoeg word, of indien die mening anders as ongekwalifiseerd is:

Aangeleenthede wat nie die ouditeur se mening beïnvloed nie

Beklemtoning van aangeleentheid paragraaf(we) (“emphasis of matter paragraph(s)”)—’n Ouditeursverslag kan gemodifiseer word deur (’n) beklemtoning van aangeleentheid paragraaf(we) by te voeg om ’n aangeleentheid wat die finansiële state beïnvloed en wat ingesluit is by ’n aantekening tot die finansiële state waarin die aangeleentheid breedvoeriger bespreek word, uit te lig. Die byvoeging van so (’n) beklemtoning van aangeleentheid paragraaf(we) beïnvloed nie die ouditeur se mening nie. Die ouditeur kan ook die ouditeursverslag modifiseer deur (’n) beklemtoning van aangeleentheid paragraaf(we) te gebruik om verslag te doen oor aangeleenthede ander as dié wat die finansiële state beïnvloed.

Aangeleenthede wat wel die ouditeur se mening beïnvloed

Gekwalifiseerde mening (“qualified opinion”)—’n Gekwalifiseerde mening word uitgespreek wanneer die ouditeur tot die gevolgtrekking kom dat ’n ongekwalifiseerde mening nie uitgespreek kan word nie, maar dat die uitwerking van enige meningsverskil met bestuur, of omvangsbepanking, nie so wesenlik en deurlopend is dat dit ’n ongunstige mening of ’n weerhouding van mening vereis nie.

Ongunstige mening (“adverse opinion”)—’n Ongunstige mening word uitgespreek wanneer die uitwerking van ’n meningsverskil so wesenlik en deurlopend vir die finansiële state is dat die ouditeur tot die gevolgtrekking kom dat ’n kwalifikasie van die verslag nie voldoende is om die misleidende of onvolledige aard van die finansiële state openbaar te maak nie.

Weerhouding van mening (“disclaimer of opinion”)—’n Weerhouding van mening word uitgespreek wanneer die moontlike uitwerking van ’n omvangsbepanking so wesenlik en

deurlopend is dat die ouditeur nie in staat is om toereikende toepaslike ouditbewyse te kry nie en dus nie in staat is om 'n mening oor die finansiële state uit te spreek nie.

*Genoteerde entiteit (“listed entity”)*³—'n Entiteit waarvan die aandele, effekte of skuld op 'n erkende effektebeurs gekwoteer of genoteer word, of wat ingevolge die regulasies van 'n erkende effektebeurs of ander gelykstaande liggaam bemark word.

Gepaste maatstawwe (“suitable criteria”)—(verwys na Maatstawwe)

Gerusstelling (“assurance”)—(verwys na Redelike gerusstelling)

Gerusstellingsaanstelling (“assurance engagement”)—'n Aanstelling waarin 'n praktisyn 'n gevolgtrekking uitspreek wat daarop gemik is om die mate van vertrouwe te versterk van die voorgename gebruikers, buiten die verantwoordelike party, oor die uitslag van die evaluasie of meting van 'n onderwerp teen maatstawwe. Die uitslag van die evaluasie of meting van 'n onderwerp is die inligting wat uit die toepassing van die maatstawwe vloei (verwys ook na Onderwerp-inligting). Volgens die ‘International Framework for Assurance Engagements’ word 'n praktisyn toegelaat om twee soorte gerusstellingsaanstellings uit te voer: 'n redelike gerusstellingsaanstelling en 'n beperkte gerusstellingsaanstelling.

Beperkte gerusstellingsaanstelling (“limited assurance engagement”)—Die doel van 'n beperkte gerusstellingsaanstelling is 'n vermindering in gerusstellingsaanstellingsrisiko tot 'n vlak wat in die omstandighede van die aanstelling aanvaarbaar is, maar waar daardie risiko groter is as vir 'n redelike gerusstellingsaanstelling, as die grondslag vir die uitspreek van die praktisyn se gevolgtrekking in 'n negatiewe vorm.

Redelike gerusstellingsaanstelling (“reasonable assurance engagement”)—Die doel van 'n redelike gerusstellingsaanstelling is 'n vermindering in gerusstellingsaanstellingsrisiko tot 'n aanvaarbare lae vlak in die omstandighede van die aanstelling as die grondslag vir die uitspreek van die praktisyn se gevolgtrekking in 'n positiewe vorm.

Gerusstellingsaanstellingsrisiko (“assurance engagement risk”)—Die risiko dat die praktisyn 'n ontoepaslike gevolgtrekking uitspreek wanneer die onderwerp-inligting wesenlik wanvoorgestel word.

Herberekening (“recalculation”)—Bestaan uit kontrolering van die wiskundige akkuraatheid van dokumente of rekords.

Heruitvoering (“reperformance”)—Die ouditeur se onafhanklike uitvoering van prosedures of beheermaatreëls wat aanvanklik uitgevoer is as deel van die entiteit se interne beheermaatreëls, hetsy per hand of deur van RGOT gebruik te maak.

³ Soos omskryf in die IFAC ‘Code of Ethics for Professional Accountants’.

Hoofouditeur (“principal auditor”)—(verwys na Ouditeur)

Hoogste ouditinstansie (“supreme audit institution”)—Die openbare liggaam van ’n staat wat, wat dit ook al genoem word of hoe dit ook al saamgestel of georganiseer word, volgens wet die hoogste openbare ouditfunksie van daardie staat uitvoer.

Huidige-tydperksyfers (“current period figures”)—Bedrae en ander openbaarmakings wat op die huidige tydperk betrekking het.

Inherente risiko (“inherent risk”)—(verwys na Ouditrisiko)

Inkomende ouditeur (“incoming auditor”)—(verwys na Ouditeur)

Inligtingstelsel toepaslik vir finansiële verslagdoening (“information system relevant to financial reporting”)—’n Komponent van interne beheer wat die finansiële verslagdoeningstelsel insluit, en wat bestaan uit die prosedures en rekords wat daargestel is om entiteitstransaksies (asook gebeure en toestande) te inisieer, op te teken, te verwerk en te rapporteer en om verantwoordbaarheid vir die verwante bates, laste en ekwiteit in stand te hou.

Inspeksie (“inspection”) (as ’n ouditprosedure)—Ondersoek van rekords of dokumente, hetsy intern of ekstern, of tasbare bates.

Inspeksie (“inspection”) (in verband met voltooiide aanstellings)—Prosedures ontwerp om bewyse te verskaf dat aanstellingspanne die firma se gehaltebeheerbeleid en -prosedures nakom.

Interne beheer (“internal control”)—Die proses ontwerp en uitgevoer deur diegene wat met beheer belas is, bestuur en ander personeel, om redelike gerusstelling te verskaf oor die bereiking van die entiteit se doelwitte wat die betroubaarheid van finansiële verslagdoening, doeltreffendheid en doelmatigheid van bedrywighede en nakoming van toepaslike wette en regulasies betref.

Interne audit (“internal auditing”)—’n Beoordelingsaktiwiteit wat binne ’n entiteit as ’n diens aan die entiteit geskep word. Die funksies daarvan sluit onder meer in die ondersoek, evaluering en monitering van die toereikendheid en doeltreffendheid van interne beheer.

Interne ouditeur (“internal auditor”)—(verwys na Ouditeur)

Interne beheer bestaan uit die volgende komponente:

- (a) Die beheeromgewing;
- (b) Die entiteit se risikoboordelingsproses;

- (c) Die inligtingstelsel, insluitend die verwante besigheidsprosesse, van toepassing op finansiële verslagdoening, en kommunikasie;
- (d) Beheeraktiwiteite; en
- (e) Monitering van beheermaatreëls.

IT-omgewing (“IT environment”)—Die beleid en prosedures wat die entiteit implementeer en die IT-infrastruktuur (apparatuur, bedryfstelsels, ens.) en toepassingsprogrammatuur wat dit gebruik om sakebedrywighede te steun en besigheidstrategieë te bereik.

Jaarverslag (“annual report”)—’n Dokument wat deur ’n entiteit uitgereik word, gewoonlik op ’n jaarlikse grondslag, wat sy finansiële state en die ouditeur se verslag daarvoor insluit.

Keermuur (“firewall”) – ’n Kombinasie van programmatuur en apparatuur wat ’n WAN, LAN of persoonlike rekenaar beskerm teen ongemagtigde toegang deur die Internet en teen die invoer van ongemagtigde of skadelike programmatuur, data of ander materiaal in elektroniese formaat.

Klein entiteit (“small entity”)—Enige entiteit waarin daar

- (a) ’n Konsentrasie van eienaarskap en bestuur in ’n klein groepie individue (dikwels ’n enkele individu) is; en
- (b) Een of meer van die volgende ook teenwoordig is
 - (i) Min inkomstebronne;
 - (ii) Eenvoudige rekordhouding; en
 - (iii) Beperkte interne beheermaatreëls tesame met die moontlikheid vir bestuursomseiling van beheermaatreëls.

Klein entiteite sal gewoonlik kenmerk (a) toon, en een of meer van die kenmerke wat onder (b) ingesluit is.

Kompilatie-aanstelling (“compilation engagement”)—’n Aanstelling waarin rekeningkundige kundigheid, in teenstelling met ouditkundigheid, gebruik word om finansiële inligting te versamel, te klassifiseer en op te som.

Komponent (“component”)—’n Afdeling, tak, filiaal, gesamentlike onderneming, verwante maatskappy of ander entiteit waarvan die finansiële inligting ingesluit is in die finansiële state wat deur die hoofouditeur geoudit word.

Komponent van ’n volledige stel finansiële state (“component of a complete set of financial statements”)—Die toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk gebruik in die opstel van die finansiële state bepaal wat ’n volledige stel finansiële state uitmaak. Komponente van ’n

volledige stel finansiële state sluit in: 'n enkele finansiële staat, spesifieke rekeninge, rekening elemente of items in 'n finansiële staat.

Kontrollerisiko ("control risk")—(verwys na Ouditrisiko)

Korporatiewe beheer ("corporate governance")—(verwys na Beheer)

Lokale-area netwerk (LAN) ("Local Area Network (LAN)")—'n Kommunikasienetwerk wat gebruikers binne 'n beperkte geografiese gebied bedien. LANs is ontwikkel om die uitruil en deel van hulpbronne binne 'n organisasie, insluitend data, programmatuur, stoorruimte, drukkers en telekommunikasietoerusting, moontlik te maak. Dit bewerkstellig gedentraliseerde rekenaargebruik. Die basiese komponente van 'n LAN is transmissiemedia en programmatuur, gebruikersterminale en gedeelde randapparatuur.

Maatstawwe ("criteria")—Die norme wat gebruik word om die onderwerp te evalueer of meet, insluitend, waar toepaslik, norme vir aanbidding en openbaarmaking. Maatstawwe kan formeel of minder formeel wees. Daar kan verskillende maatstawwe vir dieselfde onderwerp wees. Gepaste maatstawwe word vereis vir redelik konsekwente evaluering of meting van 'n onderwerp in die konteks van professionele oordeel.

Gepaste maatstawwe ("suitable criteria")—Vertoon die volgende kenmerke:

- (a) Toepaslikheid: toepaslike maatstawwe dra by tot gevolgtrekkings wat voorgenome gebruikers in hul besluitneming help.
- (b) Volledigheid: maatstawwe is volledig genoeg wanneer toepaslike faktore wat die gevolgtrekkings kan raak in die konteks van die aanstellingsomstandighede, nie uitgelaat word nie. Waar toepaslik, sluit volledige maatstawwe norme vir aanbidding en openbaarmaking in.
- (c) Betroubaarheid: betroubare maatstawwe laat redelik konsekwente evaluering of meting van die onderwerp toe, insluitend, waar toepaslik, aanbidding en openbaarmaking, wanneer dit in soortgelyke omstandighede deur soortgelyk gekwalifiseerde praktisyns gebruik word.
- (d) Neutraliteit: neutrale maatstawwe dra by tot gevolgtrekkings wat vry van vooroordeel is.
- (e) Verstaanbaarheid: vertaanbare maatstawwe dra by tot gevolgtrekkings wat duidelik, omvattend en nie onderworpe aan beduidend verskillende vertolkings is nie.

Mening ("opinion")—Die ouditeursverslag bevat 'n duidelike skriftelike meningsuitspraak oor die finansiële state in die geheel. 'n Ongekwalifiseerde mening word uitgespreek indien die ouditeur tot die gevolgtrekking kom dat die finansiële state 'n ware en billike weerspieëling is

(of in alle wesenlike opsigte redelik aangebied is) ooreenkomstig die toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk (verwys ook na Gemodifiseerde ouditeursverslag).

Monitering (“monitoring”) (in verband met gehaltebeheer)—’n Proses wat bestaan uit ’n deurlopende oorweging en evaluering van die firma se gehaltebeheerstelsel, insluitend ’n periodieke inspeksie van geselekteerde voltooide aanstellings, wat daarop gemik is om die firma in staat te stel om redelike gerusstelling te verkry dat sy gehaltebeheerstelsel doeltreffend funksioneer.

Monitering van beheermaatreëls (“monitoring of controls”)—’n Proses om die doeltreffendheid van interne beheerprestasie oor tyd te beoordeel. Dit sluit in beoordeling van die ontwerp en werking van beheermaatreëls op ’n tydige grondslag en die neem van nodige regstellende stappe, aangepas vir veranderings in toestande. Monitering van beheermaatreëls is ’n komponent van interne beheer.

Na-balansstaatgebeure (“post balance sheet events”)—(verwys na Gebeure na die balansstaatdatum)

Nasionale praktyke (“national practices”) (oudit)—’n Stel riglyne wat nie die gesag van standarde het nie, omskryf deur ’n gesaghebbende liggaam op ’n nasionale vlak, en wat algemeen deur ouditeure in die uitvoering van ’n oudit, oorsig, ander gerusstellings- of verwante dienste toegepas word.

Nasionale standarde (“national standards”) (oudit)—’n Stel standarde omskryf deur wetgewing of regulasies of deur ’n gesaghebbende liggaam op ’n nasionale vlak, waarvan die toepassing verpligtend is in die uitvoering van ’n oudit, oorsig, ander gerusstellings- of verwante dienste.

Navraag (“inquiry”)—Navraag bestaan uit die soeke na inligting, sowel finansiël as nie-finansiël, by kundige persone binne of buite die entiteit.

*Netwerkfirma (“network firm”)*⁴—’n Entiteit onder gemeenskaplike beheer, eienaarskap of bestuur met die firma of enige entiteit sodanig dat ’n redelike en ingeligte derde party wat kennis dra van alle toepaslike inligting redelikerwys tot die gevolgtrekking sal kom dat dit nasionaal of internasionaal deel van die firma is.

Nie-nakoming (“noncompliance”)—Verwys na handelings of versuim deur die entiteit wat geoudit word, hetsy opsetlik of onopsetlik, wat strydig met die heersende wette of regulasies is.

⁴ Soos omskryf in die IFAC ‘Code of Ethics for Professional Accountants’.

Nie-statistiese steekproefneming (“*non-statistical sampling*”)—(verwys na Ouditsteekproefneming)

Nie-steekproefrisiko (“*non-sampling risk*”) – (verwys na Ouditsteekproefneming)

Omgewingsaangeleenthede (“*environmental matters*”)—

- (a) Maatreëls om skade aan die omgewing te voorkom, verminder of reg te stel, of om die bewaring van hernubare en nie-hernubare hulpbronne te hanteer (sodanige maatreëls word moontlik deur omgewingswetgewing en -regulasies of kontrakteel vereis, of dit kan vrywillig onderneem word);
- (b) Gevolge van oortreding van omgewingswetgewing en -regulasies;
- (c) Gevolge van omgewingskade wat aan ander of aan natuurlike hulpbronne aangerig is; en
- (d) Gevolge van middelike aanspreeklikheid wat deur wetgewing opgelê is (byvoorbeeld aanspreeklikheid vir skade deur vorige eienaars aangerig).

Omgewingsprestasieverslag (“*environmental performance report*”)—’n Verslag, afsonderlik van die finansiële state, waarin ’n entiteit kwalitatiewe inligting verstrekk aan derde partye omtrent die entiteit se verbintenisse teenoor omgewingsaspekte van die besigheid, sy beleid en mikpunte op daardie gebied, sy prestasie wat bestuur van die verhouding tussen sy besigheidsprosesse en omgewingsrisiko betref, asook kwantitatiewe inligting omtrent sy omgewingsprestasie.

Omgewingsrisiko (“*environmental risk*”)—In sekere omstandighede kan faktore van toepassing op die beoordeling van inherente risiko vir die ontwikkeling van die oorkoepelende ouditplan die risiko van wesentliche wanvoorstelling van die finansiële state weens omgewingsaangeleenthede insluit.

Omvang van ’n oorsig (“*scope of a review*”) —Die oorsigprosedures wat in die omstandighede nodig geag word om die doelwit van die oorsig te bereik.

Omvang van ’n oudit (“*scope of an audit*”) —Die ouditprosedures wat, in die ouditeur se oordeel en gebaseer op die ISAs, nodig geag word om die doelwit van die oudit te bereik.

Omvangsbepanking (“*scope limitation*”)—(verwys na Beperking op omvang)

Omvattende rekeningkundige grondslag (“*comprehensive basis of accounting*”)—’n Omvattende rekeningkundige grondslag bestaan uit ’n stel maatstawwe wat by die opstel van finansiële state gebruik word wat op alle wesentliche items van toepassing is en wat aansienlike steun geniet.

*Onafhanklikheid (“independence”)*⁵—Bestaan uit:

- (a) Onafhanklikheid in wese—die ingesteldheid waarin ’n mening geopper kan word sonder dat dit geraak word deur invloede wat professionele oordeel aantast, sodat ’n individu met integriteit kan optree en objektiwiteit en professionele skeptisisme kan uitoefen; en
- (b) Onafhanklikheid in voorkoms—die vermyding van feite en omstandighede wat so beduidend is dat ’n redelike en ingeligte derde party, wat kennis dra van alle toepaslike inligting, insluitend enige voorsorgmaatreëls wat toegepas is, redelikerwys tot die gevolgtrekking sou kom dat ’n firma, of ’n lid van die gerusstellingspan, se integriteit, objektiwiteit of professionele skeptisisme aangetas is.

Ondersoek (“investigate”)—Navraag oor aangeleenthede wat uit ander prosedures ontstaan om dit op te los.

Onderwerp-inligting (“subject matter information”)— Die uitkoms van die evaluering of meting van ’n onderwerp. Dit is die onderwerp-inligting waaroor die praktisyn toereikende toepaslike bewyse insamel om ’n redelike grondslag vir die uitspraak van ’n gevolgtrekking in ’n gerusstellingsverslag te bied.

Ongekwalifiseerde mening (“unqualified opinion”)—(verwys na Mening)

Ongunstige mening (“adverse opinion”)—(verwys na Gemodifiseerde ouditeursverslag)

Onreëlmatige fout (“anomalous error”)—(verwys na Ouditsteekproefneming)

Onsekerheid (“uncertainty”)—’n Aangeleentheid waarvan die uitkoms afhang van toekomstige handeling of gebeure wat nie onder die direkte beheer van die entiteit staan nie, maar wat die finansiële state mag beïnvloed.

Ontdekkingsrisiko (“detection risk”)—(verwys na Ouditrisiko)

Ooreengekome-prosedures-aanstelling (“agreed-upon procedures engagement”)—’n Aanstelling waarin ’n ouditeur aangestel word om daardie prosedures van ’n ouditaard uit te voer waaroor die ouditeur en die entiteit en enige toepaslike derde partye ooreengekom het, en om feitelike bevindings te rapporteer. Die ontvangers van die verslag maak hul eie gevolgtrekkings uit die verslag deur die ouditeur. Die verslag is beperk tot die partye wat ooreengekom het oor die prosedures wat uitgevoer moet word, aangesien ander partye, onbewus van die redes vir die prosedures, die resultate kan wanvertolk.

Ooreenstemmende syfers (“corresponding figures”)—(verwys na Vergelykende syfers)

⁵ Soos omskryf in die IFAC ‘Code of Ethics for Professional Accountants’.

Oorkoepelende ouditstrategie (“overall audit strategy”)—Bepaal die omvang, tydsberekening en rigting van die oudit, en rig die ontwikkeling van die meer gedetailleerde ouditplan.

Oorsig (“review”) (met betrekking tot gehaltebeheer)—Beoordeling van die gehalte van die werk uitgevoer en gevoltrekkings bereik deur ander.

Oorsigaanstelling (“review engagement”)—Die doelwit van ’n oorsigaanstelling is om ’n ouditeur in staat te stel om, op die grondslag van prosedures wat nie al die bewyse verskaf wat in ’n oudit vereis sou word nie, te verklaar of enigiets onder die aandag van die ouditeur gekom het wat veroorsaak dat die ouditeur meen dat die finansiële state nie, in alle wesenlike opsigte, ooreenkomstig ’n toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk opgestel is nie.

Oorsigprosedures (“review procedures”)—Die prosedures wat nodig geag word om die doelwit van ’n oorsigaanstelling te bereik. Hoofsaaklik navrae aan die entiteit se personeel en analitiese prosedures wat op finansiële data uitgevoer word.

Openbare sektor (“public sector”)—Nasionale regerings, streeks- (byvoorbeeld staat-, provinsiale, territoriale) regerings, plaaslike (byvoorbeeld stads-, dorps-) regerings en verwante regeringsentiteite (byvoorbeeld agentskappe, rade, kommissies en ondernemings).

Opgesomde finansiële state (“summarised financial statements”)—Finansiële state wat ’n opsomming is van ’n entiteit se geouditeerde finansiële state met die doel om gebruikersgroepe wat slegs in die hoogtepunte van die entiteit se finansiële prestasie en stand belangstel, in te lig.

Opvolg ouditeur (“successor auditor”)—(verwys na Ouditeur)

Oudit van finansiële state (“audit of financial statements”)—Die doel van ’n oudit van finansiële state is om die ouditeur in staat te stel om ’n mening uit te spreek of die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, opgestel is ooreenkomstig ’n toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk. ’n Oudit van finansiële state is ’n gerusstellingsaanstelling (verwys na Gerusstellingsaanstelling).

Ouditaangeleenthede wat verbandhou met beheer (“audit matters of governance interest”)—Daardie aangeleenthede wat uit die oudit van finansiële state ontstaan en wat, na die mening van die ouditeur, van belang sowel as relevant is vir diegene wat met beheer oor toesighouding oor die finansiële verslagdoenings- en openbaarmakingsproses belas is. Ouditaangeleenthede van beheerbelang sluit slegs daardie aangeleenthede in wat as gevolg van die uitvoering van die oudit onder die aandag van die ouditeur gekom het.

Ouditbewyse (“audit evidence”)—Al die inligting wat die ouditeur gebruik om tot die gevolgtrekkings te kom waarop die ouditmening gegrond word. Ouditbewyse sluit die inligting

in wat vervat is in die rekeningkundige rekords wat die finansiële state onderlê asook ander inligting.

Ouditdokumentasie (“*audit documentation*”)—Die rekord van ouditprosedures uitgevoer⁶ toepaslike ouditbewyse verkry, en gevolgtrekkings deur die ouditeur gemaak (‘n term soos “werkspapiere” word ook somtyds gebruik).

Ouditeur (“*auditor*”)—Die aanstellingsvennoot. Die begrip “ouditeur” word gebruik om na óf die aanstellingsvennoot, óf die ouditeursfirma te verwys. Waar na die aanstellingsvennoot verwys word, word die verpligtinge of verantwoordelikhede van die aanstellingsvennoot beskryf. Sodanige verpligtinge of verantwoordelikhede kan deur die aanstellingsvennoot of ’n lid van die ouditspan nagekom word. Waar die bedoeling uitdruklik is dat die verpligting of verantwoordelikheid deur die aanstellingsvennoot nagekom moet word, word die begrip “aanstellingsvennoot” eerder as “ouditeur” gebruik. (Die begrip “ouditeur” kan gebruik word wanneer verwante dienste en gerusstellingsaanstellings buiten oudits beskryf word. Die bedoeling met sodanige verwysing is nie om te impliseer dat ’n persoon wat ’n verwante diens of gerusstellingsaanstelling buiten ’n audit uitvoer, noodwendig die ouditeur van die entiteit se finansiële state hoef te wees nie.)

Ander ouditeur (“*other auditor*”)—’n Ouditeur, buiten die hoofouditeur, wat verantwoordelik is vir die verslagdoening oor die finansiële inligting van ’n komponent, wat ingesluit is by die finansiële state wat deur die hoofouditeur geaudit is. Ander ouditeure sluit in geaffilieerde firmas, ongeag of hulle dieselfde naam gebruik, en korrespondente, asook onverwante ouditeure.

Bestaande ouditeur (“*existing auditor*”)—Die ouditeur van die finansiële state van die huidige tydperk.

Eksterne ouditeur (“*external auditor*”)—Waar toepaslik word die begrip “eksterne ouditeur” gebruik om die eksterne ouditeur te onderskei van ’n interne ouditeur.

Hoofouditeur (“*principal auditor*”)—Die ouditeur wat verantwoordelik is vir verslagdoening oor die finansiële state van ’n entiteit, wanneer daardie finansiële state finansiële inligting van een of meer komponente insluit wat deur ’n ander ouditeur geaudit is.

Inkomende ouditeur (“*incoming auditor*”)—Die ouditeur van die finansiële state van die huidige tydperk, waar óf die finansiële state van die vorige tydperk deur ’n ander ouditeur

⁶ Ouditprosedures uitgevoer sluit ouditbeplanning, soos gedek in ISA 300, ‘*Planning an Audit of Financial Statements*’, in.

geoudit is (in so 'n geval staan die inkomende ouditeur ook bekend as die opvolgouditeur), óf die oudit 'n aanvangsouditaanstelling is.

Interne ouditeur (“*internal auditor*”)—’n Persoon wat ’n interne oudit uitvoer.

Opvolg ouditeur (“*successor auditor*”)—’n Ouditeur wat ’n bestaande ouditeur vervang (ook bekend as ’n inkomende ouditeur).

Voorgestelde ouditeur (“*proposed auditor*”)—’n Ouditeur wat versoek word om ’n bestaande ouditeur te vervang.

Vorige ouditeur (“*predecessor auditor*”)—Die ouditeur wat voorheen die ouditeur van ’n entiteit was en wat deur ’n inkomende ouditeur vervang is.

Ouditeursfirma (“*audit firm*”)—(verwys na Firma)

Ouditmening (“*audit opinion*”)—(verwys na Mening)

Ouditrisiko (“*audit risk*”)—Ouditrisiko is die risiko dat die ouditeur ’n ontoepaslike ouditmening uitspreek wanneer die finansiële state wesenlik wanvoorgestel is. Ouditrisiko is ’n funksie van die risiko van wesenlike wanvoorstelling (of bloot, die “risiko van wesenlike wanvoorstelling”) (dus die risiko dat die finansiële state voor die oudit wesenlik wanvoorgestel is) en die risiko dat die ouditeur nie sodanige wanvoorstelling sal ontdek nie (“ontdekkingsrisiko”). Die risiko van wesenlike wanvoorstelling het twee komponente: inherente risiko en kontrollerisiko (soos op die stellingsvlak hieronder bespreek word). Ontdekkingsrisiko is die risiko dat die ouditeur se prosedures nie ’n wanvoorstelling wat in ’n stelling bestaan en wesenlik kan wees, hetsy alleen of wanneer dit by ander wanvoorstellings gevoeg word, sal ontdek nie.

Inherente risiko (“*inherent risk*”)—Inherente risiko is die vatbaarheid van ’n stelling vir ’n wanvoorstelling, wat wesenlik kan wees, hetsy alleen of wanneer dit by ander wanvoorstellings gevoeg word, op die veronderstelling dat daar geen verwante interne beheermaatreëls was nie.

Kontrollerisiko (“*control risk*”)—Kontrollerisiko is die risiko dat ’n wanvoorstelling wat in ’n stelling kan voorkom en wesenlik kan wees, hetsy alleen of wanneer dit by ander wanvoorstellings gevoeg word, nie voorkom of opgespoor en tydig deur die entiteit se interne beheerstelsels reggestel sal word nie.

Ouditsteekproefneming (“*audit sampling*”)—Die toepassing van ouditprosedures op minder as 100% van die items in ’n rekeningsaldo of transaksieklas sodanig dat alle steekproefeenhede ’n kans op seleksie het. Dit sal die ouditeur in staat stel om ouditbewyse oor die een of ander kenmerk van die geselekteerde items te verkry en te evalueer ten einde ’n gevolgtrekking te

maak of om te help om 'n gevolgtrekking te maak oor die populasie waaruit die steekproef getrek is. Ouditsteekproefneming kan 'n statistiese of nie-statistiese benadering volg.

Aanvaarbare fout (“*tolerable error*”)—Die maksimum fout in 'n populasie wat die ouditeur bereid is om te aanvaar.

Nie-statistiese steekproefneming (“*non-statistical sampling*”)—Enige steekproefnemingsbenadering wat nie die kenmerke van statistiese steekproefneming het nie.

Nie-steekproefrisiko (“*non-sampling risk*”)—Spruit uit faktore wat veroorsaak dat die ouditeur 'n foutiewe gevolgtrekking maak om enige rede wat nie met die grootte van die steekproef verband hou nie. Byvoorbeeld, die meeste ouditbewyse is oorerend eerder as oortuigend, die ouditeur kan ontoepaslike prosedures gebruik of die ouditeur kan bewyse wanvertolk en 'n fout nie raaksien nie.

Onreëlmatige fout (“*anomalous error*”)—'n Fout wat uit 'n geïsoleerde voorval ontstaan en wat, buiten op spesifiek identifiseerbare geleenthede, nie weer voorgekom het nie, en dus nie verteenwoordigend van foute in die populasie is nie.

Populasie (“*population*”)—Die volledige stel data waaruit 'n steekproef geselekteer word en waaroor die ouditeur gevolgtrekkings wil maak. 'n Populasie kan in strata, of subpopulasies, verdeel word en elke stratum kan afsonderlik ondersoek word. Die begrip populasie word gebruik met insluiting van die begrip stratum.

Statistiese steekproefneming (“*statistical sampling*”)—Enige benadering tot steekproefneming wat die volgende kenmerke het:

- (a) Ewekansige selektering van 'n steekproef; en
- (b) Die gebruik van waarskynlikheidsteorie om steekproefresultate te evalueer, met inbegrip van die meting van steekproefrisiko.

Steekproefeenheid (“*sampling unit*”)—Die individuele items waaruit 'n populasie bestaan, byvoorbeeld tjeks wat op depositostrokies gelys is, kredietinskrywings op bankstate, verkoopsfakture of debiteuresaldo's, of 'n geldeenheid.

Steekproefrisiko (“*sampling risk*”)—Onstaan uit die moontlikheid dat die ouditeur se gevolgtrekking, gegrond op 'n steekproef, kan verskil van die gevolgtrekking wat gemaak sou word indien die hele populasie aan dieselfde ouditprosedure onderwerp sou word.

Stratifikasie (“*stratification*”)—Die proses om 'n populasie in subpopulasies te verdeel, wat elk 'n groep steekproefeenhede vorm met soortgelyke kenmerke (dikwels 'n monetêre waarde).

Totale fout (“*total error*”)—Óf die afwykingskoers, óf die totale wanvoorstelling.

Vertrouensvlakke (“*confidence levels*”)—Die wiskundige komplemente van steekproefrisiko.

Verwagte fout (“*expected error*”)—Die fout wat die ouditeur verwag in die populasie teenwoordig sal wees.

Owerheidsakeondernemings (“*government business enterprises*”)—Ondernemings binne die openbare sektor, gewoonlik bedryf om aan ’n politiese of sosiale-belangdoelwit te voldoen. Daar word gewoonlik van hulle verlang om hul bedrywighede kommersieel uit te voer, met ander woorde om winste te maak of om, by wyse van gebruikersgelde, ’n beduidende deel van hul bedryfskoste te verhaal.

Paslik gekwalifiseerde eksterne persoon (“*suitably qualified external person*”) (*vir doeleindes van “ISQC 1”*)—’n Individu buite die firma met die vermoëns en bekwaamhede om as ’n aanstellingsvennoot op te tree, byvoorbeeld ’n vennoot van ’n ander firma, of ’n werknemer (met toepaslike ondervinding) van óf ’n professionele rekeningkundige liggaam waarvan die lede oudits en oorsigte van historiese finansiële inligting, ander gerusstellings- of verwante-diensteanstellings mag uitvoer, óf ’n organisasie wat toepaslike gehaltebeheerdienste verskaf.

Personeel (“*personnel*”)—Vennote en werknemers.

Persoonlike rekenaars (“*PCs or personal computers*”) (ook mikrorekenaars genoem)—Ekonomiese maar kragtige, selfstandige, algemene-doel rekenaars wat tipies bestaan uit ’n monitor (visuele vertooneenheid), ’n eenheid wat die rekenaarelektronika bevat en ’n sleutelbord (en muis). Hierdie funksies kan in draagbare rekenaars (skootrekenaars) gekombineer word. Programme en data kan intern op ’n hardeskyf gestoor word of op verwyderbare stoormedia soos laserskywe of diskette. *Persoonlike rekenaars* kan aan gekoppelde netwerke, drukkers en ander toestelle soos skandeerders en modems gekoppel word.

Populasie (“*population*”)—(verwys na Ouditsteekproefneming)

Praktisyn (“*practitioner*”)—’n Professionele rekenmeester in openbare praktyk.

Professionele rekenmeester in openbare praktyk (“*professional accountant in public practice*”)⁷—Elke vennoot of persoon wat ’n pos beklee soortgelyk aan dié van ’n vennoot, en elke werknemer in ’n praktyk wat professionele dienste aan ’n kliënt lewer ongeag hul funksionele klassifikasie (bv. oudit, belasting, konsultasie) en professionele rekenmeesters in ’n praktyk wat bestuursverantwoordelikhede het. Hierdie begrip word ook gebruik om na ’n firma van professionele rekenmeesters in openbare praktyk te verwys.

⁷ Soos omskryf in die IFAC ‘Code of Ethics for Professional Accountants’.

*Professionele rekenmeester (“professional accountant”)*⁸—’n Persoon wat ’n lid van ’n IFAC lidliggaam is.

Professionele skeptisisme (“professional skepticism”)—’n Houding wat ’n bevraagtekenende ingesteldheid en ’n kritiese beoordeling van bewyse insluit.

Professionele standaarde (“professional standards”)—IAASB aanstellingstandaarde, soos omskryf in die IAASB se ‘*Preface to the International Standards on Quality Control, Auditing, Assurance and Related Services*’, en toepaslike etiese vereistes, wat gewoonlik bestaan uit Dele A en B van die IFAC ‘*Code of Ethics for Professional Accountants*’ en toepaslike nasionale etiese vereistes.

Programmeringsbeheermaatreëls (“programming controls”)—Prosedures wat ontwerp is om onbehoorlike veranderings aan rekenaarprogramme waartoe toegang deur gekoppelde terminaaltoestelle verkry word, te voorkom of op te spoor. Toegang kan beperk word by wyse van beheermaatreëls soos die gebruik van afsonderlike bedryfs- en programontwikkelingsbiblioteke en gespesialiseerde programbiblioteekprogrammatuur. Dit is belangrik dat gekoppelde veranderings aan programme toereikend gedokumenteer, beheer en gemoniteer word.

Projeksie (“projection”)—Toekomstige finansiële inligting wat op grond van die volgende voorberei word:

- (a) Hipotetiese aannames omtrent toekomstige gebeure en bestuursoptredes wat nie noodwendig verwag word om plaas te vind nie, soos wanneer sommige entiteite in ’n beginfase is of ’n groot verandering in die aard van bedrywighede oorweeg; of
- (b) ’n Mengsel van beste-raming en hipotetiese aannames.

Redelike gerusstelling (teen die agtergrond van gehaltebeheer) (“reasonable assurance (in the context of quality control)”)—’n Hoë, maar nie absolute nie, vlak van gerusstelling.

Redelike gerusstelling (teen die agtergrond van ’n ouditsaanstelling) (“reasonable assurance (in the context of an audit engagement)”)—’n Hoë, maar nie absolute nie, vlak van gerusstelling, wat positief in die ouditverslag uitgedruk word as redelike gerusstelling dat die inligting onderworpe aan oudit vry van wesenlike wanvoorstelling is.

Redelike gerusstellingsaanstelling (“reasonable assurance engagement”)—(verwys na Gerusstellingsaanstelling)

⁸ Soos omskryf in die IFAC ‘*Code of Ethics for Professional Accountants*’.

Rekenaargesteunde oudittechnieke (“computer-assisted audit techniques”)—Toepassings van ouditprosedures waarin die rekenaar as ’n oudithulpmiddel gebruik word (ook bekend as RGOT).

Rekenaarinligtingstelsel- (RIS-) omgewing (“computer information systems (CIS) environment”)—Bestaan wanneer ’n entiteit ’n rekenaar van enige tipe of grootte gebruik in die verwerking van finansiële inligting wat beduidend vir die oudit is, ongeag of daardie rekenaar deur die entiteit of ’n derde party bedryf word.

Rekeningkundige raming (“accounting estimate”)—’n Benadering van die bedrag van ’n item in die afwesigheid van ’n presiese metingsmaatstaf.

Rekeningkundige rekords (“accounting records”)—Sluit oor die algemeen die rekords in van aanvanklike inskrywings en ondersteunende rekords, soos tjeks en rekords van elektroniese fondsoordragte; fakture; kontrakte; die algemene- en hulp grootboeke; joernaalinskrywings en ander aansuiwerings aan die finansiële state wat nie in formele joernaalinskrywings weerspieël word nie; en rekords soos werkstate en sigblaaie wat kostetoedelings, berekenings, versoenings en openbaarmakings steun.

Risiko van wesenlike wanvoorstelling (“risk of material misstatement”)—(verwys na Ouditrisiko)

Risikobeoordelingsprosedures (“risk assessment procedures”)—Die ouditprosedures wat uitgevoer word om ’n begrip van die entiteit en sy omgewing te verkry, insluitend sy interne beheer, om die risiko’s van wesenlike wanvoorstelling op die finansiële-staat- en stellingsvlakke te beoordeel.

Segmentinligting (“segment information”)—Inligting in die finansiële state omtrent onderskeibare komponente of bedryfs- en geografiese aspekte van ’n entiteit.

Spesiale-doel ouditeursverslag (“special purpose auditor’s report”)—’n Verslag, buiten ’n ouditeursverslag oor finansiële state, wat uitgereik word in verband met die onafhanklike oudit van finansiële inligting, insluitend:

- (a) finansiële state wat opgestel is ooreenkomstig ’n ander omvattende rekeningkundige grondslag as ‘*International Accounting Standards*’ of nasionale standaarde,
- (b) gespesifiseerde rekeninge, elemente van rekeninge of items in ’n finansiële staat,
- (c) nakoming van kontraktuele verpligtinge, of
- (d) opgesomde finansiële state.

Statistiese steekproefneming (“statistical sampling”)—(verwys na Ouditsteekproefneming)

Stawingsprosedures (“substantive procedures”)—Ouditprosedures wat uitgevoer word om wesenlike wanvoorstellings op die stellingsvlak op te spoor. Dit sluit in:

- (a) Toetse van detail van transaksieklasse, rekeningsaldo’s en openbaarmakings; en
- (b) Stawings- analitiese prosedures.

Steekproefeenheid (“sampling unit”)—(verwys na Ouditsteekproefneming)

Steekproefrisiko (“sampling risk”)—(verwys na Ouditsteekproefneming)

Stellings (“assertions”)—Verklarings deur bestuur, uitdruklik of andersins, wat in die finansiële state vervat is.

Stratifikasie (“stratification”)—(verwys na Ouditsteekproefneming)

Toegangsbeheermaatreëls (“access controls”)—Prosedures wat ontwerp is om toegang tot gekoppelde terminaaltoestelle, programme en data te beperk. Toegangsbeheermaatreëls bestaan uit “gebruikerbekragting” en “gebruikermagtiging”. Gebruikerbekragting poog tipies om ’n gebruiker te identifiseer deur unieke aantekenidentifikasies, wagwoorde, toegangskarte of biometriese data. Gebruikermagtiging bestaan uit toegangsreëls om die rekenaarhulpbronne te bepaal waartoe elke gebruiker toegang mag kry. Sodanige prosedures is spesifiek ontwerp om die volgende te voorkom of op te spoor:

- (a) Ongemagtigde toegang tot gekoppelde terminaaltoestelle, programme en data;
- (b) Invoer van ongemagtigde transaksies;
- (c) Ongemagtigde veranderings aan data lêers;
- (d) Die gebruik van rekenaarprogramme deur ongemagtigde personeel; en
- (e) Die gebruik van rekenaarprogramme wat nie gemagtig is nie.

Toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk (“applicable financial reporting framework”)—Die finansiële verslagdoeningsraamwerk gekies deur bestuur om die finansiële state op te stel wat deur die ouditeur as aanvaarbaar beskou word met inagneming van die aard van die entiteit en die doel van die finansiële state, of soos deur wette of regulasies vereis word.

Toepaslikheid (“appropriateness”)—Die maatstaf vir die gehalte van bewyse, met ander woorde, die tersaaklikheid en betroubaarheid daarvan wat verskaffing van steun vir, of ontdekking van wanvoorstellings in, die transaksieklasse, rekeningsaldo’s en openbaarmakings en verwante stellings betref.

Toepassingsbeheermaatreëls in inligtingstegnologie (“application controls in information technology”)—Hand- of geoutomatiseerde prosedures wat tipies op ’n besigheidsprosesvlak

funksioneer. Toepassingsbeheermaatreëls kan voorkomend of opsporend van aard wees en is ontwerp om die integriteit van die rekeningkundige rekords te verseker. Toepassingsbeheermaatreëls het dienooreenkomstig betrekking op prosedures wat gebruik word om transaksies of ander finansiële data te inisieer, op te teken, te verwerk of te rapporteer.

Toereikendheid (“sufficiency”)—Toereikendheid is die maatstaf vir die hoeveelheid ouditbewyse. Die hoeveelheid ouditbewyse wat benodig word, word geraak deur die risiko van wanvoorstelling asook die gehalte van sodanige ouditbewyse.

Toets (“test”)—Die toepassing van prosedures op sommige of alle items in ’n populasie.

Totale fout (“total error”)—(verwys na Ouditsteekproefneming)

Transaksielyste (“transaction logs”)—Verslae wat ontwerp is om ’n ouditspoor vir elke gekoppelde transaksie te skep. Sodanige verslae dokumenteer dikwels die bron van ’n transaksie (terminaal, tyd en gebruiker), sowel as die transaksiebesonderhede.

Tussentydse finansiële inligting of –state (“interim financial information or statements”)—Finansiële inligting (wat minder kan wees as die volledige stel finansiële state soos elders omskryf) wat op tussentydse datums (gewoonlik halfjaarliks of kwartaalliks) met betrekking tot ’n finansiële tydperk uitgereik word.

Vennoot (“partner”)—Enige individu met die gesag om die firma te verbind met betrekking tot die uitvoering van ’n professionele dienste-aanstelling.

Verantwoordelike party (“responsible party”) —Die persoon (of persone) wat:

- (a) in ’n direkte verslagdoeningsaanstelling verantwoordelik is vir die onderwerp; of
- (b) in ’n stellingsgebaseerde aanstelling verantwoordelik is vir die onderwerp-inligting (die stelling), en verantwoordelik mag wees vir die onderwerp.

Die verantwoordelike party mag die party wees wat die praktisyn aanstel (die aanstellende party), of nie.

Vergelykende finansiële state (“comparative financial statements”)—(verwys na Vergelykende syfers)

Vergelykende syfers (“comparatives”)—Vergelykende syfers in finansiële state kan, afhangende van die raamwerk, bestaan uit bedrae (soos finansiële stand, resultate van bedrywighede, kontantvloei) en toepaslike openbaarmakings van ’n entiteit vir meer as een tydperk. Die raamwerke en aanbiedingsmetodes is soos volg:

- (a) Ooreenstemmende syfers waar bedrae en ander openbaarmakings vir die voorafgaande tydperk as deel van die huidige tydperk se finansiële state ingesluit word, en die

bedoeling is dat dit gelees word in samehang met die bedrae en ander openbaarmakings wat op die huidige tydperk (waarna as “huidige tydperk se syfers” verwys word) betrekking het. Hierdie ooreenstemmende syfers word nie aangebied as volledige finansiële state wat alleen kan staan nie, maar is ’n integrale deel van die huidige tydperk se finansiële state, wat bedoel is om slegs in verhouding tot die huidige tydperk se syfers gelees te word.

- (b) Vergelykende finansiële state waar bedrae en ander openbaarmakings van die voorafgaande tydperk vir vergelyking met die finansiële state vir die huidige tydperk ingesluit word, maar nie deel van die huidige tydperk se finansiële state uitmaak nie.

Vertrouensvlakke (“confidence levels”)—(verwys na Ouditsteekproefneming)

Verwagte fout (“expected error”)—(verwys na Ouditsteekproefneming)

Verwante dienste (“related services”)—Omvat ooreengekome prosedures en kompilasies.

Verwante party (“related party”)—’n Party is verwant aan ’n entiteit indien:

- (a) Die party direk, of indirek deur een of meer tussenpersone:
- (i.) Beheer het van, beheer word deur, of onder gesamentlike beheer is met, die entiteit (dit sluit houerentiteite, filiale en medefiliale in);
 - (ii.) ’n Belang in die entiteit het wat dit beduidende invloed gee oor die entiteit;
 - (iii.) Gemeenskaplike beheer oor die entiteit het;
- (b) Die party ’n geassosieerde (soos omskryf in IAS 28, “Investments in Associates”) van die entiteit is;
- (c) Die party ’n gesamentlike onderneming is waarin die entiteit ’n ondernemer is (verwys na IAS 31, “Interest in Joint Ventures”);
- (d) Die party ’n lid van die sleutel bestuurspersoneel van die entiteit of sy houerentiteit is;
- (e) Die party ’n nabye familielid van enige persoon waarna in (a) of (d) verwys word is;
- (f) Die party ’n entiteit is wat beheer, gesamentlik beheer of beduidend beïnvloed word deur, of waarvoor beduidende stemkrag in sodanige entiteit berus by, hetsy direk of indirek, enige persoon waarna in (d) of (e) verwys word;
- (g) Die party ’n nadiensvoordeel-plan is vir die voordeel van werknemers van die entiteit, of enige ander entiteit wat ’n verwante party van die entiteit is.

Verwanteparty-transaksie (“related party transaction”)—’n Oordrag van hulpbronne of verpligtinge tussen verwante partye, ongeag of ’n prys gehef word.

Voorgestelde ouditeur (“proposed auditor”)—(verwys na Ouditeur)

Voorspelling (“forecast”)—Toekomstige finansiële inligting wat voorberei word op grond van aannames omtrent toekomstige gebeure wat bestuur verwag sal plaasvind en die stappe wat bestuur verwag om te neem soos op die datum waarop die inligting voorberei is (beste-raming- aannames (“best-estimate assumptions”).

Vooruitskouende finansiële inligting (“prospective financial information”)—Finansiële inligting gegrond op aannames oor gebeure wat in die toekoms mag voorkom en moontlike optredes deur ’n entiteit. Vooruitskouende finansiële inligting kan in die vorm van ’n voorspelling, ’n projeksie of ’n kombinasie van albei wees. (verwys na Voorspelling en Projeksie)

Vorige ouditeur (“predecessor auditor”)—(verwys na Ouditeur)

Waarneming (“observation”)—Bestaan uit bestudering van ’n proses of prosedure wat deur ander uitgevoer word, byvoorbeeld die ouditeur se waarneming van voorraadtellings deur die entiteit se personeel, of die uitvoering van beheeraktiwiteite.

Wanaanwending van bates (“misappropriation of assets”)—Behels die diefstal van ’n entiteit se bates en word dikwels in relatief klein en onwesentlike bedrae deur werknemers gepleeg. Bestuur, wat gewoonlik meer in staat is om wanaanwendings te verbloem of versteek op maniere wat moeilik is om te ontdek, kan egter ook betrokke wees.

Wanvoorstelling (“misstatement”)—’n Wanvoorstelling van die finansiële state wat uit bedrog of foute kan spruit (verwys ook na Bedrog en Fout).

Weerhouding van mening (“disclaimer of opinion”)—(verwys na Gemodifiseerde ouditeursverslag)

Werknemerbedrog (“employee fraud”)—Bedrog waarby slegs werknemers van die entiteit wat aan die audit onderworpe is, betrokke is.

Werknemers (“staff”)—Professionele persone, buiten vennote, insluitend enige deskundiges wat die firma in diens het.

Werkspapiere (“working papers”)—Die materiaal voorberei deur en vir, of verkry en behou deur, die ouditeur in verband met die uitvoering van die audit. Werkspapiere kan in die vorm van data gestoor op papier, film, elektroniese media of ander media wees.

Wesenlike feitewanvoorstelling (“material misstatement of fact”)—Bestaan in ander inligting wanneer daardie inligting, wat nie verband hou met aangeleenthede wat in die geouditeerde finansiële state verskyn nie, verkeerd aangegee of aangebied word.

Wesenlike swakheid (“material weakness”)—’n Swakheid in interne beheer wat ’n wesentliche uitwerking op die finansiële state kan hê.

Wesenlike teenstrydigheid (“material inconsistency”)—Bestaan wanneer inligting wat in die geouditeerde finansiële state vervat is deur ander inligting weerspreek word. ’n Wesenlike teenstrydigheid kan twyfel laat ontstaan oor die ouditgevolgtrekkings wat gemaak is uit ouditbewyse wat vroeër verkry is en moontlik oor die grondslag vir die ouditeur se mening oor die finansiële state.

Wesenlikheid (“materiality”)—Inligting is wesentlik indien die weglating of wanvoorstelling daarvan ekonomiese besluite wat gebruikers op grond van die finansiële state neem, kan beïnvloed. Wesenlikheid hang af van die grootte van die item of fout, beoordeel in die bepaalde omstandighede waarin dit weggelaat of wanvoorgestel is. Wesenlikheid is dus eerder ’n drempel of afsnypunt as wat dit ’n primêre kwalitatiewe eienskap is wat inligting moet besit ten einde bruikbaar te wees.

Wye-area netwerk (WAN) (“Wide Area Network (WAN)”)—’n Kommunikasienetwerk wat inligting oor ’n uitgebreide gebied versend, soos tussen aanlegterreine, stede en nasies. WANs maak voorsiening vir gekoppelde toegang tot toepassings vanaf afgeleë terminale. Verskeie LANs kan onderling in ’n WAN ineengeskakel word.